# Wag op die Here! 17

17. **Wag in tye van duisternis**

> *Ek sal wag op die Here, wat sy gesig verberg vir die huis van Jakob; ek sal op Hom bly hoop.*
> *Jesaja 8:17 (AFR20)*

Jesaja het op God gewag, nie ter wille van homself nie, maar vir sy mense van wie God sy gesig verberg het. So behoort ons wag op God nie net vir onsself te wees nie. Jy kan in die volle lig van God se teenwoordigheid leef terwyl God sy gesig vir die mense om jou verberg. Dan mag jy jou nie verlekker daarin dat dit hulle eie skuld is of straf oor hulle onverskilligheid teenoor God nie. Jy word geroep om dan namens hulle op God te wag.

Die voorreg om op God te wag bring groot verantwoordelikheid. Soos Christus sy plek aan God se regterhand gebruik om vir ons in te tree, so moet ons die voorreg om God se troon te mag nader en op Hom te wag, aangryp om vir die minderbevoorregte gelowiges in te tree.

Jy wil dalk moed verloor oor die geestelike stand van die gemeente waaraan jy behoort, of die gebrek aan liefde, of te min van die Gees van die gekruisigde Jesus. Dit voel vir jou niks wil help nie. Maar God kan en wil help. Glo dit. Wag op God namens sy dwalende kinders. Moenie veroordeel en verwerp nie, of wanhopig en terneergedruk word nie. Jy is geroep om op God te wag. As ander dit nie doen nie, doen jy dit dan dubbeld. Bly op jou pos en wag op die Here.

Dit gaan ook wyer as jou gemeente. Dit gaan oor die wêreldwye kerk. Hoeveel naamchristene is daar nie! Ook namens húlle moet jy op God wag in nederige belydenis van die sonde van sy volk. Wag op God in sagte, liefdevolle intersessie vir alle gelowiges, hoe verkeerd hulle lewens of verdraaid hulle verkondiging ook al mag wees. Wag op God in geloof en verwagting, totdat Hy jou hoor. Wag op Hom met die eenvoudige offer van jouself en die ernstige gebed dat Hy jou na jou broers en susters sal stuur. Wag op Hom, moenie rus nie,

totdat hy Sion ’n vreugde op aarde maak. Ja, wag op Hom wat nou sy gesig verberg vir baie van sy kinders. Wag dat Hy die lig van sy teenwoordigheid oor al sy mense laat skyn. *Wag op die Here!*


## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026